Verwysing: 20201021-8959
Lêerno.: 9/8/7
Navrae: E Stofile

e-Leer-minuut: 0003/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, VOO-koördineerder en Vakadviseurs, Prinsipale en Onderwysers by alle gewone openbare en spesiale skole wat VOO-vakke aanbied

Onderwerp: Toegang tot aanlyn video-lesse vir Verdere Onderwys en Opleiding (VOO)-vakke op die DigiCampus digitale aanlynplatform

1. DigiCampus is 'n digitale aanlynplatform (hub) wat bestaan uit 'n omvattende en toenemende biblioteek van video-lesse wat alle grade en die meeste vakke van die Kurrikulum en Assesserings-beleidsverklaring in beide Engels en Afrikaans aanbied.

2. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) het 'n vennootskap met DigiCampus gesluit om hierdie aanlynhulpbron aan alle leerders en onderwysers by sekondêre en spesiale skole vir die VOO-band (graad 10 -12) beskikbaar te stel. Dit word gratis aangebied en is geldig tot April 2021.

3. Dié beskikbare dienste het ten doel om uitgebreide leergeleenthede te ondersteun en onderrig en leer vanaf die huis of by die skool te verbeter. Hierdie videogebaseerde hulpbronne kan gebruik word om onderrigtyd in te haal, vir hersieningsdoeleindes of soos deur die vakonderwyser voorgeskryf.

4. **Hoe om toegang te verkry tot die aanlyn video-lesse:** Gaan na die WKOD e-Portaal www.wcedeportal.co.za en volg die onderstaande stappe.

b) Klik op **Learners** en beweeg af na **Wonderful Websites** se kieslys. Klik op **DigiCampus**.

c) Die Vinnige Reaksie (QR) Kode kan ook geskandeer word, om toegang tot die volgende skakel te kry: https://wc.lateralscaffolding.com/digilogin.

d) Nuwe gebruikers moet op die aanmeldskerm registreer.

5. **Hoe om te registreer:**

a) 'n Stapsgewyse riglyn is beskikbaar om nuwe gebruikers met die registrasieproses te help. **(Kyk Bylae A)**

b) Stapsgewyse video-riglyne, in die drie amptelike tale van die Wes-Kaap, is ook beskikbaar om nuwe gebruikers te help. Kies die video met u voorkeurtaal deur op die onderstaande skakel te klik, of skandeer die VR-kode:

https://wcedeportal.co.za/node/164546 (Afr.)	https://wcedeportal.co.za/node/164541 (Eng.)	https://wcedeportal.co.za/node/164566 (Xho.)
Afrikaans	Engels	Xhosa

6. Kontak u distrik se e-Leeradviseurspan vir meer inligting. **(Kyk Bylae B)**

7. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle onderwysers en leerders te bring.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2020-10-29